

# AARTAPPEL SERTIFISERINGSDIENS (MSW)

## Reg. No. 1995/005404/08



### HANDLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, No 2 VAN 2000

#### 1. INLEIDING

- 1.1 Hierdie Handleiding, tesame met die vorm en tariewe voorgeskryf vir 'n versoek om toegang tot inligting, is opgestel en gepubliseer deur die Aartappelsertifiseringsdiens NWM (Registrasienuommer: 1995/005404/08 ("ASD")) in ooreenstemming met die vereistes in Artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, No 2 van 2000 ("die Wet"). Die doel van die Handleiding is om toegang tot rekords soos deur die ASD gehou, te fasiliteer ten einde te voldoen aan die oogmerke van die Wet. Die Wet stel voorgeskrewe prosedurele vereistes vir sodanige versoeke.

Betaling moet aan die ASD geskied voordat 'n versoek uitgevoer kan word.

- 1.2 Addisioneel tot die omskrywings in ander klousules het die volgende woorde die volgende betekenis in hierdie Handleiding: -

- 1.2.1 **"Inligtingsbeampte"** beteken die hoof uitvoerende beampte, of soortgelyke beampte, van ASD of die persoon wat in sodanige hoedanigheid optree;
- 1.2.2 **"Adjunk-Inligtingsbeampte"** beteken die persoon/persone kragtens artikel 17 van die Wet aangestel;
- 1.2.3 **"Handleiding"** beteken hierdie Handleiding tesame met alle aanhangsels daartoe soos van tyd tot tyd by die kantore van die ASD beskikbaar;
- 1.2.4 **"SAMRK"** beteken die Suid Afrikaanse Menseregte Kommissie.

#### 2. STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN DIE ASD (Artikel 14(1) (a) van die Wet)

- 2.1 Op 15 Mei 1998 het die Minister van Landbou, kragtens Artikel 23 van die Plantverbeteringswet, No. 53 van 1976 ("die Plantverbeteringswet"), die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema ("die Skema") ingestel en die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere ('n regspersoon kragtens die bepalings van die Grondwet en hierin later na verwys as "OSRA") as die gesag aangewys om die magte uit te oefen, funksies te verrig en pligte uit te voer wat ingevolge die Skema aan OSRA verleen, toegewys of opgedra is.
- 2.2 Die ASD is in terme van Artikel 24(2)(a) van die Plantverbeteringswet deur OSRA aangestel om die magte, funksies en pligte van OSRA namens OSRA uit te oefen, te verrig en uit te voer. Op 23 Oktober 2013 het OSRA en die ASD 'n Diensleweringsooreenkoms aangegaan.

- 2.3 OSRA is 'n "*openbare liggaam*" soos gedefinieer in Artikel 1 van die Wet, aangesien OSRA kragtens die Plantverbeteringswet 'n openbare funksie uitvoer en verrig. ASD is 'n openbare liggaam vir doeleindes van die Wet insoverre ASD, as die aangewese Diensverskaffer, die rekords van die Skema hou.

### 3. KONTAKBESONDERHEDE (Artikel 14(1) (b) van die Wet)

**Naam van liggaam:** Aartappelsertifiseringsdiens NWM

**Inligtingsbeampte:** Me Sanette Thiart  
[sanette@potatoes.co.za](mailto:sanette@potatoes.co.za)

**Adjunk-Inligtingsbeampte:** Mnr André Wessels  
[andre@asert.co.za](mailto:andre@asert.co.za)

**Adres:** Potato House, De Havilland Singel 6, Persequor Technopark, Pretoria

**Posadres:** Privaatsak X 135, PRETORIA, 0001

**Telefoon:** +27 (12) 349 1910 / 1911

**Faks:** +27 (86) 648 8663

**Webtuiste:** [www.potatocertification.co.za](http://www.potatocertification.co.za)

### 4. GIDS INGEVOLGE ARTIKEL 10 VAN DIE WET (Artikel 14(1) (c) van die Wet)

- 4.1 Die SAMRK het ingevolge Artikel 10 van die Wet 'n gids opgestel met dié inligting wat 'n persoon benodig wat enige reg ingevolge die Wet wil uitoefen.
- 4.2 Die gids is beskikbaar vir inspeksie by die kantore van die SAMRK en op die SAMRK webtuiste. Navrae aangaande die gids of enige verdere inligting ten opsigte van die uitvoering van 'n versoek ingevolge die Wet kan gerig word aan die SAMRK by:

SAMRK

Bevordering van Toegang tot Inligting Eenheid

Privaatsak 2700

Houghton

2041

Tel: +27 11 877 3600

Faks: +27 11 484 1360

Webblad: [www.sahrc.org.za](http://www.sahrc.org.za)

E-pos: [PAIA@sahrc.org.za](mailto:PAIA@sahrc.org.za)

### 5. TOEGANG TOT REKORDS

#### 5.1 Vrywillige Bekendmaking (Artikel 15(1) van die Wet)

Die webadres van die ASD is [www.potatocertification.co.za](http://www.potatocertification.co.za) en is toeganklik vir enige persoon met toegang tot die Internet. Die ASD se webblad het skakels na *inter alia* die volgende:

5.1.2.1 Algemene Inligting ("*About Us*");

5.1.2.2 Struktuur van die Maatskappy;

5.1.2.3 Raad en Komitees;

- 5.1.2.3.1 Direksie ("*Board of Directors*");
- 5.1.2.3.2 Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere ("*Independent Certification Council for Seed Potatoes*");
- 5.1.2.3.3 Nasionale Moerekomitee ("*National Seed Potato Committee*");
- 5.1.2.3.4 Moerkwekersforum ("*Seed Potato Growers' Forum*");
- 5.1.2.3.5 NUMPRO;
- 5.1.2.3.6 SAMPRO;
- 5.1.2.3.7 Moerhandelaarsforum ("*Seed Potato Traders' Forum*");

5.1.2.4 Sertifisering;

- 5.1.2.4.1 Suid Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema ("*South African Seed Potato Certification Scheme*");
- 5.1.2.4.2 Aartappelsertifiseringsdiens Protokol ("*Potato Certification Service Protocol*");
- 5.1.2.4.3 Invoer van Plantmateriaal ("*Importation of Planting Material*");

5.1.2.5 Produksie ("*Production*");

5.1.2.6 Peste, Siektes en Afwykings ("*Pests, Diseases and Deviations*");

5.1.2.7 Verslae en Omsendbriewe ("*Reports and Circulars*");

5.1.2.8 Aartappelmoerkweker van die Jaar ("*Seed Potato Grower of the Year*");

5.1.2.9 Geregistreerde Aartappelmoerkwekers ("*Registered Seed Potato Growers*");

5.1.2.10 Loopbane ("*Careers*");

5.1.2.11 Vrae ("*Frequently Asked Questions*");

5.1.2.12 Kontakbesonderhede ("*Contact Details*").

**5.2 Inligting waarvoor formeel aansoek gedoen moet word (Artikel 14(1) (d) van die Wet)**

ASD hou die dokumente en inligting soos uiteengesit in die onderstaande Skedule, wat nie beskikbaar is onder paragraaf 5.1 nie en welke dokumente en inligting formeel aangevra moet word ingevolge die Wet. Die lys van enige onderwerp of kategorie van rekords moet nie interpreteer word as 'n aanduiding dat die rekords in sodanige onderwerp en/of kategorie beskikbaar gemaak sal word ingevolge die Wet nie. In die besonder kan sekere gronde vir weiering soos omskryf in die Wet of die Plantverbeteringswet van toepassing wees op 'n versoek vir sodanige rekords.

ASD hou rekords onder die volgende onderwerpe en kategorieë:

REKORDS	ONDERWERP / KATEGORIE
Korporatiewe Sake en Menslike Hulpbronne	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Openbare rekords (met insluiting sonder beperking die Akte van Oprigting van ASD, dokumente geregistreer by die "Companies and Intellectual Property Commission", besonderhede van Direkteure en sodanige ander dokumente soos vereis deur die Maatskappywet, No. 71 van 2008)</li> <li>- Werknemer rekords</li> <li>- Dienskontrakte</li> </ul>

Strategie en Kommersiëel	- Algemene kontrak dokumentasie - Versekeringspolis
Finansies en Bestuur	- Geouditeerde finansiële state - Belastingrekords - Bestuursrekeninge - Bateregister
Administratief	- Protokol - Aansoeke vir die registrasie van 'n gebied of 'n houer of houers in 'n kweekhuis as 'n eenheid - Besonderhede van die registrasie van eenhede of 'n houer of houers in 'n kweekhuis

## 6. DIE AANSOEKPROSEDURE

- 6.1 Gebruik die voorgeskrewe Vorm A, "Versoek om Toegang tot Rekord van Openbare Liggaam" gepubliseer in die Staatskoerant van 15 Februarie 2002 ingevolge Artikel 18(1) van die Wet as Aanhangsel B by Kennisgewing R187. Vorm A is hierby aangeheg as Skedule 1.
- 6.2 Die aansoeker moet aandui of die versoek vir 'n afskrif van die rekord is en of die aansoeker die rekord/s wil besigtig by die kantore van die ASD soos bepaal in Artikel 29(2) van die Wet.
- 6.3 'n Aansoeker sal toegang tot die inligting verleen word in die formaat soos aangevra, onderhewig aan die bepalinge van Artikel 29(3) en (4) van die Wet. Indien die formaat waarin inligting aangevra word onredelik sou innemig met die doeltreffende administrasie van die ASD, nadelig wees vir die bewaring van die rekord of die skending van kopiereg nie deur die ASD gehou, behels, sal toegang tot die inligting in 'n alternatiewe formaat toegestaan word. Die fooi verhaal sal nie die fooi oorskrei soos wat van toepassing sou wees indien die aansoeker toegang verleen is in die formaat soos aangevra nie.
- 6.4 Indien 'n aansoeker addisioneel tot die geskrewe kennisgewing van die besluit rakende die versoek ingevolge Artikel 18(2)(e) van die Wet op enige ander wyse van die besluit in kennis gestel sou wou word, moet die wyse en besonderhede van sodanige kennisgewing spesifiseer word.
- 6.5 Indien die versoek namens 'n ander persoon gerig word, moet bewys van die hoedanigheid waarin die aansoeker die versoek rig, ingevolge Artikel 18(2)(f) van die Wet tot die redelike bevrediging van die Inligtingsbeampte voorgelê word.
- 6.6 Ingevolge artikel 18(3) van die Wet kan 'n individu wat as gevolg van ongeletterdheid of 'n gestremdheid nie self 'n versoek kan bring nie, sodanige versoek mondelings bring. Die Inligtingsbeampte sal die versoek dokumenteer en 'n afskrif van die versoek aan die aansoeker voorsien.
- 6.7 Fooie vir 'n versoek vir toegang tot rekords word ingevolge Artikel 22 van die Wet gehef. Die fooie struktuur is aangeheg as Skedule 2.
- 6.8 ASD behou die reg voor om 'n addisionele fooi te hef vir die onttrekking van inligting vauit die ASD Databasis. Die relevante tarief is beskikbaar op die ASD webblad.

## 7. KENNISGEWING/S KRAGTENS ARTIKEL 15(2) VAN DIE WET (Artikel 14(1) (e) van die Wet)

Geen Kennisgewing kragtens Artikel 15(2) van die Wet is reeds gepubliseer nie.

**8. DIENSTE BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK EN HOE TOEGANG TOT SODANIGE DIENSTE VERKRY KAN WORD (Artikel 51(1) (f) van die Wet)**

8.1 Verwys na paragraaf 2 hierbo.

8.2 ASD oefen die magte uit, verrig die funksies en voer die pligte uit soos aan OSRA verleen, toegewys en opgedra ingevolge die Skema.

**9. BESKRYWING VAN ENIGE REËLING OF VOORSIENING WAT GEMAAK IS VIR 'N PERSOON (BUITEN 'N OPENBARE LIGGAAM SOOS NA VERWYS IN PAR (a) OF (b)(i) VAN DIE DEFINISIE VAN 'N "OPENBARE LIGGAAM" IN DIE WET) OM DEUR KONSULTASIE, VOORLEGGING OF ANDERSINS, DEEL TE NEEM OF INVLOED UIT TE OEFEN OP -**

**(i) DIE FORMULERING VAN BELEID; OF**

**(ii) DIE UITOEFENING VAN MAGTE OF UITVOER VAN PLIGTE DEUR DIE LIGGAAM (Artikel 14(1) (g) van die Wet)**

9.1 Verwys na paragraaf 2 hierbo.

9.2 ASD oefen die magte uit, verrig die funksies en voer die pligte uit van OSRA ingevolge die Skema. As sulks het ASD geen reëling getref of voorsiening gemaak vir enige persoon om voorleggings te maak of andersins, of deel te neem of invloed uit te oefen, op die formulering van beleid, die uitoefen van magte of die uitvoer van pligte nie.

**10. REMEDIES BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN 'N OPTREDE OF 'N VERSUIM OM OP TE TREE DEUR DIE LIGGAAM (Artikel 14(1) (h) van die Wet)**

10.1 Interne Remedies

ASD het geen interne appèl prosedure nie. Die besluit van die Inligtingsbeampte is finaal en 'n aansoeker sal die eksterne remedies soos na verwys in paragraaf 10.2 hieronder, moet uitoefen indien die versoek tot toegang geweier en/of die aansoeker ontevrede is met die besluit soos deur die Inligtingsbeampte verskaf.

10.2 Eksterne Remedies

Kragtens Artikel 78(2)(c) van die Wet kan 'n aansoeker wat ontevrede is met die besluit ten opsigte van 'n versoek vir toegang binne 180 dae na so besluit, aansoek doen by 'n Hof met jurisdiksie vir toepaslike regshulp ingevolge Artikel 82 van die Wet. Die prosedure is omskryf in die Bevordering van Toegang tot Inligting Reëls gepubliseer in Kennisgewing No R967 in die Staatskoerant van 9 Oktober 2009 ingevolge Artikel 79 van die Wet.

**11. HERSIENING VAN DOKUMENTASIE**

Hierdie Handleiding sal jaarliks hersien word.